Province of the

**EASTERN CAPE**

EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## NOVEMBER 2012

# AFRIKAANS HUISTAAL V1

**PUNTE:** **70**

**TYD:** **2 uur**

*AFRHL1*

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: LEESBEGRIP | (30) |
| AFDELING B: OPSOMMING | (10) |
| AFDELING C: TAAL | (30) |

2. Lees ALLE instruksies noukeurig deur.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

5. Trek ŉ streep na elke afdeling.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Laat ŉ reël oop na elke antwoord.

8. Gee besondere aandag aan spelling en sinsbou.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1: ARTIKEL, ADVERTENSIE EN SPOTPRENT

Lees en kyk na die onderstaande tekste en beantwoord die vrae wat daarna volg.

**ARTIKEL**

**BLOUVALKIE NES BRÜSSOW IN LOSGEMAAL**

*Kyk deur die lens van ʼn rugby-afrigter na voëls in die natuur.*

Dr. Morné du Plessis, hoof van die bewaringsorganisasie WWF Suid-Afrika, het die vergelyking gaan tref.

1. As ons nou teoreties ʼn span uit ons voëlsoorte kon kies, dan is my *fetcher*-flank sonder twyfel ʼn blouvalkie.

2. ʼn Blouvalk kry ʼn veldmuis uit ʼn goedbedekte geskarrel soos Heinrich Brüssow ʼn bal uit ʼn onbehoorlike getjommel kan boor. En nes Brüssow het die blouvalkie twee hoofmetodes waarmee hy sy veldmuisbesit bekom.

3. Eerstens is daar die minder uitspattige sit-en-wag tegniek, waar ons valkie stil sy kans op ʼn sitplek afwag.

4. Dis hier waar die blouvalk se blik stip op die aksie daar benede rus. En gee hom net ʼn krakie in ʼn geleentheidsvenster, en hy slaan toe om die veldmuis ongenadiglik af te rokkel.

5. Die enigste verskil is dat muisbesit in die blouvalk se terme eerder punte op die lewenstelbord beteken, as ʼn daaropvolgende agterlynbeweging ...

6. Sy tweede manier van jag, is om ligweg in die lug te hang, met sy lang vlerke wat in ʼn amper onnatuurlik hoë aksie bokant sy kop flap.

7. Maar gee hom net ʼn kwart-kans om op die prooi neer te swiep, en jy het ʼn formidabele ommekeer in die verloop van die lewenspel.

8. As die blouvalkie sy visier stip op sy prooi stel, kan jy maar seker wees hy sal sy geel kloue in die warmsagte lyf van ʼn bewende knaagdier inlê.

9. Hierdie blouvalk is voorwaar ʼn spesialis van die losmuis, want sy hele liggaamsmorfologie is fyn by sy jagproses aangepas. Die meeste van ons ken ʼn blouvalkie uit aan hierdie flapsweefgewoonte waar hy sy kop teen die ligte windjie hou, en dan met ongereelde stadige flappe sy posisie stil – sowat tien meter of wat – bokant ʼn aspirantmaaltyd hou.

10. Die blouvalk se vlerke is proporsioneel heelwat langer as dié van die gemiddelde voëlbouvorm, en dis juis om daardie vlerklading so lig as moontlik te hou. Flapsweef is nie vir sissies nie. Dis harde werk.

11. Om die waarheid te sê, dit kos blouvalk se kind amper sewe keer meer energie om op die hierdie manier te jag, as om stil van ’n tak of telefoonpaal op sy prooi af te duik.

12. Maar die beloning is amper drie keer beter. En punte op die telbord – dit weet ons almal tog – is meer werd as ’n plaag muise wat nie onder jou sitplek wil kom verbyloop nie!

13. Probeer ’n ander blouvalkie om sy kloue in ons territoriale valkie se spensveld in te steek, word daardie wit stertjie teen ’n onnatuurlike hoek hoog opgewip.

14. En hoe meer vlambaar die situasie raak, hoe vinniger wip daardie stert.

15. Muisbesit self is blykbaar nie genoeg van ’n voordeel nie. ’n Mens moet die speelveld in sy geheel oorheers.

16. Dis slegs dan dat jy genoeg geleenthede vir jouself en jou kuikenspan in die tuisnes kan skep om te floreer.

17. Gegewe die sukses van die blouvalk se jagtegniek en sy ongenaakbare vermoë om ’n muis of ’n rot uit die ruigtes te haal, is dit geen verrassing dat die spesie so suksesvol dwarsoor Afrika en suid-oos-Asië is nie.

18. Ja-nee, Blouvalk Brüssow dra sonder twyfel my span se nommerses-trui ...

[Aangepas uit: *Buite Burger,* 27/09/11]

Voetnota: Die rugbyspeler, Heinrich Brüssow, is bekend daarvoor dat hy die bal baie vinnig van sy opponente kan afvat en dit tot voordeel van sy eie span aanwend. Omdat die blouvalk net so rats is, vergelyk die skrywer hom met die bekende Springbokrugbyspeler.

**VRAE**

1.1 Wat maak hierdie natuurartikel anders as soortgelyke artikels? (1)

1.2 Dink jy die opskrif van die artikel is treffend? Motiveer jou antwoord in EEN volsin. (Moenie na die lettertipe of swartdruk verwys nie.) (2)

1.3 Waarom is Morné du Plessis die aangewese persoon om die artikel te skryf? (1)

1.4 Die skrywer slaag met sy vergelyking in paragraaf 2. Voltooi die volgende tabel.

| Wat uitgelig word | | Waarmee dit vergelyk word |
|---|---|---|
| 1.4.1 | Blouvalkie | |
| | | |
| 1.4.2 | Veldmuis | |
| | | |
| 1.4.3 | Geskarrel | |

(3)

1.5 Hoe verskil die blouvalk se twee jagtegnieke van mekaar? (2)

1.6 Waarna verwys "geleentheidsvenster" in paragraaf 4? (1)

1.7 Verduidelik wat bedoel word met, "'n formidabele ommekeer in die verloop van die lewenspel" in paragraaf 7. (2)

1.8 Hoe is die blouvalk in staat om 'n spesialis rotvanger te wees? (1)

1.9 Wat gebeur as 'n blouvalk op 'n ander se terrein oortree? (1)

1.10 Tot watter gevolgtrekking kom die skrywer uiteindelik? (1)

**EN**

## ADVERTENSIE

FOREVER RESORTS

AVENTURA

# TSHIPISE








Met sy wonderlike helende water, hidro-spa en ontspannende bosveld-atmosfeer, staan Tshipise tereg bekend as die juweel van die Limpopo-Provinsie se Bosveld. Reisigers op pad na en op pad terug van Zimbabwe oornag gewoonlik aan die voet van die bekende Tshipise-koppie.

**Die oord bied:**

Selfsorg-rondawels met lugversorging * woonwapark met kragpunte * 'n natuur-reservaat * 'n warmwaterbron * hidro-spa * winkel * drankwinkel * slaghuis * posagentskap * koue- en warmwater-swembaddens * tennis * minigholf * rolbal * jukskei * 'n 4x4-baan * perdry * koue bier in ons Bosveldkroeg.

Sien 4 van die Groot Vyf op 'n nuwe, nabygeleë wildroete.

DIE MEKKA VAN KONFERENSIES IN DIE BOSVELD.

**Tel: 015 539 0634 Faks: 015 539 0724**

**Besprekings: 011 207 3600**

**www.aventura.co.za**

[Uit: *Weg*, Sept. 2005]

1.11 Wie maak gereeld van die oord gebruik? (1)

1.12 "Helende water" word as 'n bemarkingspunt gebruik. Op wie sou dit 'n definitiewe effek hê? (1)

1.13 Verduidelik wat met “juweel” in dié konteks bedoel word. (1)

1.14 Voltooi die volgende tabel.

| Tipe besoeker | | Wat hom sal lok. |
|---|---|---|
| 1.14.1 | ŉ gesin van vier | |
| 1.14.2 | ŉ avonturier | |
| 1.14.3 | ŉ oorsese toeris | |


(3)

1.15 Wat word bedoel met die “Mekka van Konferensies”? (2)

1.16 Is die advertensie geslaagd? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (2)

**EN**

**STROKIESPRENT**




[Uit: *My Tyd: Rapport*, 04/09/11]

1.17 Hoe weet jy dat die spreker nie tegnologies gestremd is nie? (1)

1.18 Watter aktuele kwessie spreek die strokiesprent aan? (1)

1.19 Dui aan hoe die spreker se gesigsuitdrukking in die laaste raampie sy woorde ondersteun. (1)

1.20 Dink jy die meisie hou van die spreker? Motiveer kortliks. (1)

1.21 Wat beteken, "Uit die oude doos"? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 2

Lees die onderstaande teks en maak ŉ opsomming van SEWE beginsels wanneer klein mense groot goed wil doen of aanpak. Die beginsels moet in jou eie woorde puntsgewys aangebied word en mag nie meer as 80 woorde beslaan nie. Dui die getal woorde aan.

**Hoe klein mense groot goed gedoen kry**

1. Die storie rondom geld. Vra enige avonturier of geld ooit die nommer 1 – faktor was.

2. “Nee,” sal hulle almal vir jou sê. As jy werklike drome en ideale soos water in die drein wil sien wegraak, moet jy geld bo-aan jou lys plaas. Vanselfsprekend moet jy geld hê om groot goed gedoen te kry, maar jy kry nie groot goed gedoen omdat jy geld het nie. Jy kry groot goed gedoen omdat jy wil.

3. Die groot droom/drome wat jy wil verwesenlik moenie skeef en ongemaklik soos iemand anders se hoed op jou kop sit nie. Jou droom moet jou eie hartsbegeerte wees. So uniek soos elkeen van ons se vingerafdruk is, so uniek en eiesoortig is elke mens se groot hartsbegeerte. En dit is wat die lewe so interessant maak.

4. Daar is ŉ opvallende ooreenkoms tussen ŉ sementdam met besproeiings-of leiwaterpype en ŉ kredietkaart. As die boer nie proppe prakseer waarmee hy die waterstroom kan afsluit nie, is die watervlak telkens gevaarlik laag. As die kredietkaarthouer nie proppe vind waarmee sy die uitvloei van spaargeld kan afsluit nie, is haar bankbalans telkens by die laagste vlak. Met die uitwerk van ŉ begroting word dit vir ons duidelik waar die groot uitvloei van geld is. Met die opstel van ŉ begroting druk ons die soort proppe waarmee ons gemaklik is, in die opening van die pyp waardeur die geld so vinnig by die huis uitvloei.

5. Jou buurvrou het een van daardie groot, sagte sit-hier-sitkamerbanke met drie bypassende sit-langer-stoele aangeskaf. Jy wil ook so ŉ sit-hier-my-skat-sitkamerbank besit. Die lewe werk egter nie so nie. Min van ons kry genoeg botter vir albei kante van die brood.

6. Mense wat groot dinge gedoen kry, tob nie in stilte agter hul eie toegeritste lippe nie. Hulle waag dit om so hier en daar vir iemand wat net so energiek soos hulle teen vrees veg, te vertel wat hulle in die mou voer. En dis mos goed om dan skielik te weet: ek het my droom op die tafel geplaas en nou sal ek my sokkies moet optrek. Ek sal moet begin spaar en reëlings begin tref. Nou weet nog ŉ mens.

7. Sissies kom nie by hul groot hartsbegeertes uit nie. Mense wat interessanter lewens as ons het, mense wat heerlike stories van plekke anderkant die verste horison kan vertel, is nie vreesloos nie. Hulle het nie senuwees van staal of geheime sakke aan die binnekant van hul baadjies vir ŉ geheime voorraad geld nie. Hulle baklei maar net voortdurend teen vrees.

8. Jy is nie ŉ staatspresident of Oprah nie en niemand hoef jou dus as sodanig te behandel nie. Jou gasheer sal sy bes doen om te verhoed dat jy in trane uitbars, maar dit is omtrent die plafon. Varkspek ontbreek op die spyskaart, maar die jogurt word volgens ŉ eeue-oue resep gemaak.

9. Die een wat die roete na sy/haar droom volg, roep later verwonderd uit: "Ek dans!"

[Verwerk uit: *Vrouekeu*r, 15/02/08]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAAL

## VRAAG 3: STROKIESPRENT EN WENKE

Lees die onderstaande tekste en beantwoord die daaropvolgende vrae.




Uit: **Sarie**, 5 November 1997

3.1 Skryf die eerste sin van raampie 1 in die verlede tyd. (1)

3.2 Skryf die verkleinwoord van *bene* (raampie 1) neer. (1)

3.3 Herskryf, *Dit maak tog nie saak dat jy niks verstaan nie,* maar haal die ontkennende vorm uit. (1)

3.4 Herskryf *Kom saam vir die atmosfeer?* (raampie 2) in die indirekte rede. (1)

3.5 Gebruik *tog* (raampie 2) as ŉ selfstandige naamwoord in ŉ betekenisvolle sin. (1)

3.6 Gee die afkorting van *Saterdag* (raampie 2). (1)

3.7 Skryf die intensiewe vorm van *gek* (raampie 2) neer. (1)

3.8 Bog! Hoe vermetel! Hierdie sin is ŉ ...

A Bevelsin.
B Versoeksin.
C Uitroepsin.
D Skelsin. (1)

3.9 Skryf, *Natuurlik verwag ŉ mens nie van ŉ vrou dat sy iets van rugby moet weet nie* (raampie 3) in die lydende vorm. (1)

3.10 Wanneer sal die meervoud *vrouens* gebruik word in plaas van die *vroue* in raampie 4? (1)

3.11 Intelligensie gaan dikwels gepaard met IK. Sê waarvoor IK staan. (1)

3.12 Skryf die antoniem van *nuttelose* (raampie 5) neer. (1)

3.13 *Baie* (raampie 6) is ŉ ...

A byvoeglike naamwoord.
B bywoord.
C telwoord.
D hulpwerkwoord. (1)

3.14 Gebruik die *homofoon* van maar (raampie 7) in ŉ sin. (1)

3.15 Skryf raampie 8 oor in emotiewe taal. (1)

3.16 Verbeter die skryffout wat in raampie 10 voorkom. (1)

3.17 Wat word die klemteken of aksentteken op *gló* genoem? (1)

3.18 Wat is die geïmpliseerde betekenis van – *ek gaan my CD's tel,* in raampie 11? (1)

**EN**

## WENKE

**Volg die vier stappe**

Volg die eenvoudige stappe om te keer dat jy ŉ woedeuitbarsing of dalk selfs ŉ hartaanval kry: Haal asem! Dit klink dalk eenvoudig, maar **wanneer jy met jou gesig teen iemand anders s'n staan** en jou laaste greintjie geduld by die deur uit is, is dit glad nie so maklik om diep asem te haal nie. Stop voor jy jou gedagtes hardop uitspreek. Neem een lang asemteug deur jou neus en tel. Blaas uit. Doen dit weer en tel twee. Neem vyf van hierdie asemteue en doen dit so stadig as wat jy moontlik kan. Hou aan tot jy ontspanne is. **Wanneer jy ontspanne is**, sal jy ook meer rasioneel dink, wat beslis in jou guns gaan tel.

Praat asof daar ŉ baba in die vertrek langsaan is. **Noudat jy diep asemgehaal het, behoort jy effens meer ontspanne te wees.** Dwing jouself om in ŉ lae stemtoon te praat. Jou opponent behoort ook te ontspan omdat jy nie meer ŉ dreigende houding inneem nie.

Hou jou hande in jou broeksakke of stil langs jou sy. Iemand wat sy arms wild rondswaai, lyk nie net aanvallend nie, maar kom sommer ŉ bietjie **onstabiel** ook voor. Dit klink dalk vreemd om met jou hande stil langs jou sye te argumenteer, maar dit het regtig ŉ positiewe uitwerking. Navorsing wys die grootste hoeveelheid energie in argumente spruit uit bewegende hande, vuiste en wysende vingers. Deur jou hande in jou sakke te sit, verbruik jy nie onnodige energie gedurende ŉ argument nie

Stadig oor die klippe. Dit is baie moeilik **om stadig te praat** wanneer jy **kwaad** is en ons almal het die geneigdheid om beskuldigings uit te blaker wanneer ons woedend is. **Dink voor jy praat!** Hoe vinniger jy praat, hoe stadiger dink jy ... Haal weer diep asem en dink twee keer voor jy sê wat jy dink.

[Uit: *Vrouekeur*, 30/10/09]

3.19 Skryf die gesegde van die sinsdeel neer: "Noudat jy diep asemgehaal het, ... (reël 9) (1)

3.20 Is *wanneer jy met jou gesig teen iemand anders s'n staan,* denotasie of konnotasie? (1)

3.21 Gebruik nou die sinsdeel van VRAAG 3.20 om die ander betekenisvorm aan te dui. (1)

3.22 *Wanneer jy ontspanne* is in reël 7, is ŉ voorbeeld van ŉ ...

A byvoeglike bysin.
B gesegdesin.
C bywoordelike bysin.
D onderwerpsin. (1)

3.23 Skryf die hoofsin neer: *Noudat jy diep asemgehaal het, behoort jy effens meer ontspanne te wees*. (reëls 9 en 10) (1)

3.24 Wat beteken die voorvoegsel in *onstabiel* (reël 14)? (1)

3.25 Skryf ʼn teenwoordige deelwoord uit reëls 11 – 17 neer. (1)

3.26 Verander *Dink voor jy praat!* (reëls 20/21) in ʼn versoeksin. (1)

3.27 Skryf die sinsdeel, *om beskuldigings uit te blaker wanneer ons woedend is* (reël 20), oor in neutrale taal. (1)

3.28 Wat beteken die uitdrukking, S*tadig oor die klippe* (reël 19)? (1)

3.29 *Om* stadig *te praat* (reël 19) is die ... wyse van die werkwoord.

A onbepaalde
B gebiedende
C vraende
D aantonende (1)

3.30 Gebruik die vergrotende trap van *kwaad* (reël 19) in ʼn sin. (1)

**TOTAAL AFDELING C: 30**

**GROOTTOTAAL: 70**